STELLENBOSCH
STELLENBOSCH • PNIEL • FRANSCHHOEK
MUNISIPALITEIT • UMASIPALA • MUNICIPALITY

OPROEP OM NOMINASIES VIR DIE MUNISIPALE BEPLANNINGSTRIBUNAAL

Stellenbosch Munisipaliteit wag nominasies in van toepaslik gekwalifiseerde en ervare professionele persone as publieke persone om aangestel te word as lede van die Munisipale Beplanningstribunaal.

Stellenbosch Munisipaliteit beoog om 'n nuwe Munisipale Beplanningstribunaal ingevolge die Wet op Ruimtelike Beplanning- en Grondgebruiksbestuur, 2013 (Wet 16 van 2013) en die Stellenbosch Munisipaliteit Verordening op Grondgebruikbeplanning (2015) met aanvang vanaf 1 Julie 2019, te konstitueer. Die Tribunaal sal verantwoordelik wees vir besluitneming oor verskillende kategorieë grondgebruiks- en grondontwikkelingsaansoeke soos deur die Stellenbosch Munisipaliteit aangewys.

Die Munisipale Tribunaal sal bestaan uit lede van die publiek en amptenare met kennis en ervaring van ruimtelike beplanning, grondgebruiksbestuur en grondontwikkeling of die wetgewing wat daarmee verband hou. Verantwoordelikhede sal insluit die lees van verslae ter voorbereiding, bywoning van en deelname aan vergaderings van die Tribunaal, bywoning van terreininspeksies en ander pligte waarvoor daar in die wetgewing voorsiening gemaak word.

Belangstellendes word genooi om nominasies vir lede met kennis, ervaring en/of kwalifikasies in een of meer van die voorafgemelde velde in te dien, om sodoende vir die tweede ampstermyn van die Stellenbosch Munisipale Beplanningstribunaal aangestel te word. Lede sal vir die lengte van 'n termyn bepaal deur die Raad, onderworpe aan bepalings en voorwaardes, aangestel word. Dit is 'n deeltydse posisie teen 'n vergoeding soos van tyd tot tyd deur die Raad bepaal sal word.

Die nominasievorms is op die Stellenbosch Munisipale webwerf by www.stellenbosch.gov.za beskikbaar.

Volledige nominasievorms moet deur 'n Curriculum Vitae van die genomineerde vergesel word. Enige persoon sonder internettoegang mag ook 'n versoek vir die inligting/dokumentasie per faks rig aan 021 886 6899.

Navrae: Ilze Couvaras
E-pos: ilze.couvaras@stellenbosch.gov.za
Tel: +27 21 808 8604

Die sluitingsdatum vir die nominasies is **18 April 2019**. Nominasies moet aan die Direkteur: Beplanning en Ekonomiese Ontwikkeling gerig word by:

Posadres :
Posbus 17
Stellenbosch
7599

of

Fisiese Adres:
Pleinstraat
Stellenbosch
7600

of

Faks: +27 21 886 6899

Kennisgewing No P08/19
MUNISIPALE BESTUURDER
Munisipale Kantore, Pleinstraat, Stellenbosch, 7600